

Wat ons roeping is

Onder die woord *roeping* verstaan ons meesal 'n bepaalde werk wat ons doen, maar Paulus wys in ons Skrifgedeelte dat dit eerder gaan oor 'n bepaalde verhouding: Gelowiges word geroep om verenig met Jesus Christus te lewe (vs 9), geroep “tot gemeenskap met ... Jesus Christus” (OAV).

Hierdie woorde bevat die geheim vir 'n vervulde, gelukkige lewe. Jy hou jou besig met baie dinge wat jy dalk as roeping beskou, maar God verwag net een ding van jou: Dat jy *één met Christus sal lewe*. Dat jy sal besef (Gal 2:20): “... en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” Met ander woorde: Jy moet doen wat Christus deur jou lewe wil doen. Figuurlik gesproke, moet ons Christus se liggaam, sy hande, voete en mond in hierdie wêreld wees. Prakties beteken dit nie altyd dat ons ander dinge moet begin doen nie – meesal beteken dit dat ons dinge anders (soos Christus) moet begin doen.

Dit is wanneer 'n mens só begin lewe dat die gawes wat God jou gegee het, tot hulle reg kom. Ons het immers 'n God wat nie net roep nie, maar ook bekwaam maak, wat toerus vir die roeping waarmee Hy roep. Hy vra nie net dat ons een met Christus lewe nie, maar Hy wil deur sy Gees in ons kom woon. God vra dus niks van jou wat Hy nie eers vir jou gee nie. Hy Self sorg ook deur sy genade dat ons dit wat Hy vra, bereik (vs 8).

“Wat sou Jesus doen?” is 'n goeie vraag vir elke situasie waarin jy ooit sal beland. Hierdie vraag sal jou lei na die rykdom van gawes wat God aan jou gegee het (vs 5-7a).

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)